Die Oude Kerk te Tulbagh. Die kerkgebou is in 1743 in gebruik geneem.

Deel 4:

Die Janse van Rensburg voorgeslagte



Foto: Kaapse Argief Drakenstein 1710

Hoofstuk 16

Claas Jansz van Rensburg (a)

(c. 1661 – 1728)

Oriëntasie

Daar is twee scenario's oor die herkoms van Claas Jansz van Rensburg en sy eerste jare aan die Kaap. Beide scenario's word in die hoofstuk behandel. Watter scenario ookal gevolg word, verander dit niks aan Claas Jansz se lewe met sy troue op 14 Augustus 1708 en daarna nie.

Die 47-jarige Claas Jansz van Rensburg trou in 1708 met die 24-jarige Aletta van der Merwe. Sy was die weduwee van Marthinus van Staden.

Claas en Aletta het sewe kinders gehad. Claas is in 1728, toe hy nagenoeg 67 jaar oud was, oorlede, en Aletta is in 1729 oorlede toe sy nagenoeg 45 jaar oud was.

Genealogiese gegewens

a **JANSZ, CLAAS (JANSE VAN RENSBURG)**: *c.1661[1]; †1728[2].

x Stellenbosch 14.8.1708[3]: **VAN DER MERWE, ALETTA (AALTJE)**: *c.1684[4]; ≈Kaapstad 30.4.1684[5]; †Drakenstein 30.9.1729[6]. #Drakenstein[7]. Dogter van Willem Schalk van der Merwe en Elsje Cloete.
[Sy –
x c1701[8]: **VAN STADEN, MARTHINUS:** *1675[9]; ≈Nederland, Utrecht, Werkhoven 6.6.1675[10]; †1707[11]. Seun van Marten Jans van Staden en Maria Ariens[12].]

Erkenning

Nagenoeg 18 jaar gelede (2001) het ek vir die eerste keer insae gehad in die werk wat mnr. André (A M) van Rensburg oor die Van Rensburgs gedoen het, wat ook 'n familieregister ingesluit het. Sedertdien het hy steeds verdere inligting ontsluit en tot almal se beskikking gestel op sy webwerf www.oocities.org.athens.atlantis/4364/ . Hy het nie net baanbrekerswerk gedoen nie, maar ook met gesag deelgeneem aan gesprekke oor bepaalde Van Rensburgs. Daar word met groot waardering van sy werk gebruik gemaak. Mnr. Van Rensburg het met groot sorg die bronne vir sy inligting aangeteken en dit het ook gehelp met die opspoor van bronne in die Kaapse Argiefbewaarplek en elders. Die oogmerk is nie om hier mnr. Van Rensburg se dokument oor Claas Jansz na te doen nie, maar om 'n storie te skryf wat uiteraard korter sal wees as sy omvattende behandeling van feite en die gapings wat daar in Claas se verhaal is.

Mnr. J H van Rensburg se boek *Die Rietvleiers*[13], wat in 1994 verskyn het, is ook met groot vrug en waardering benut, veral in Hoofstukke 17 tot 21. In ag genome die bronne wat toeganklik was voor 1994, ontsluit die boek besonder baie gegewens oor die betrokkenes. Soos dit maar gaan met navorsing, kom ander gegewens beskikbaar en kan al die gegewens in die boek nie sonder meer aanvaar word nie. In die gevalle waar inligting

nie aanvaar is nie, is dit bloot weggelaat, verskille nie beredeneer nie en die bronne vir die gegewens wat wel verstrek is, voorsien.

Mev. Elmien Wood het in die genealogiese tydskrif *Capensis* 'n artikel gepubliseer wat die teorie bevat dat Claas Jansz van Rensburg en Claas Schim vanaf Rensburg dieselfde persoon is. Ook die baie waardevolle artikel is met groot waardering benut.

Daar het, ten opsigte van Claas Jansz se herkoms, 'n e-posgesprek plaasgevind met die bogenoemde mnr. André van Rensburg en mev. Elmien Wood. Dit was 'n konstruktiewe gesprek waarvoor skrywer baie waardering het. Die gesprek het nuwe inligting en insigte na vore gebring, maar vir wat in hierdie hoofstuk verskyn neem die skrywer volle verantwoordelikheid en is daar, waar nodig, bronverwysings aangebring.

Herkoms van Claas Jansz en eerste jare aan die Kaap

Inleidend

Daar is twee scenario's oor Claas Jansz se situasie voor sy troue op 14 Augustus 1708. Die twee scenario's word hieronder behandel. Wat Claas Jansz se lewe na sy huwelik betref, maak dit nie saak watter een van die twee scenario's of enige ander scenario aanvaar word nie.

Die ou scenario ten opsigte van Claas Jansz

Tot dusver kon nie vasgestel word wanneer en in welke hoedanigheid Claas Jansz van Rensburg in die Kaap aangekom het nie. Die eerste keer dat in dokumente in die Kaap van hom melding gemaak is, is met sy huwelik op 14 Augustus 1708. Met dié dat daar na hom verwys is as vanaf Rensburg (verskeie spellings) is daar nie sekerheid of Claas afkomstig was van Rijnsburg in Nederland of Rendsburg (Rendsborg in Deens) in Schleswig-Holstein in die noorde van Duitsland nie. Daar is navorsers wat beide moontlikhede ondersteun[14]. Claas Jansz word deur dr. J Hoge beskou as van Duitse afkoms vanaf die plek Rensburg en hy verstrek sy naam as Nikolaus[15]. Die stelling is egter nie gestaaf nie. Daar is ook nie inligting beskikbaar oor Claas Jansz se ouers nie.

Uitgesonderd die Franse Hugenote, het min mense uit Europa in die vroeë jare na die Kaap gekom wat nie aanvanklik in diens van die Verenigde Oos-Indiese Kompanjie (VOC) was nie, meesal as soldate of matrose. Heelwat van die aankomelinge het skuld gehad wat afgewerk moes word en 'n dienskontrak vir 'n bepaalde tydperk met die VOC. Heelwat van hulle is deur die VOC aan vryburgers uitgeleen, wat hulle dan as knegte in diens geneem het vir 'n bepaalde tydperk en teen 'n bepaalde besoldiging.

Daar is 'n webwerf met die gegewens wat behoue gebly het oor nagenoeg 650 000 van die meer as 'n miljoen mense wat in diens van die VOC was. Dit is gerekenariseer, en individue kan gesoek word op die web[16]. Dit is moontlik, indien dit in 'n VOC-dokument aangeteken is, om uit te vind met watter skip en wanneer iemand in die Kaap aangekom het. Daar is met al die denkbare permutasies na Claas Jansz gesoek op die webwerf vir die tydperk 1700 tot 1708, maar geen leidraad kon gevind word nie. Daar kon ook nie ten opsigte van hom 'n kontrak gevind word dat hy as kneg in diens van iemand in die Kaap was nie.

Die Claas Schim scenario

Mev. Elmien Wood het die moontlikheid geopper dat Claas Jansz van Rensburg en Claas Schim vanaf die plek Rensburg dieselfde persoon is[17]. Dit is 'n moontlikheid wat ernstige oorweging verdien en wat van groot waarde kan wees in die plasing van Claas Jansz.

By nagaan van diegene wat in die skootsvak was toe Claas Jansz in die Kaap moes aangekom het, uit Rensburg afkomstig was en uit Nederland afgereis het na die Ooste, het mev. Wood op vier name afgekom en daarby is hieronder die name van Claas Hart en Claas Eversz bygevoeg.

Gegewens oor VOC Werknemers afkomstig van Rensburg/Rijnsburg/Rendsburg: Laat 1600's en vroeë 1700's[18]						
Voornaam	**Agternaam**	**Herkoms**	**Skip**	**Uitreis**	**Uit diens**	**Rede**
Claas	Hart	Rensborg	*Lands Welvaren*	1696	1701 Drie Kronen	Repatrieer
Claas	Dircks	Rensburg	*Lands Welvaren*	1699	1.8.1700 Asië	Oorlede
Claas	Shim	Rensburg	*Reigersdaal*	1701	30.6.1708 Asië	Vryburger † 1728
Claas Willemsz	Langeveld	Rensburg	*Sint Jan*	1703	1716 Wester-dijkshorn	Repatrieer
Claas	Eversz	Rensburgh	*Generale Vrede*	1707	1713 Voorburg	Repatrieer
Claas	Mom	Rensburg	*Huis ter Duine*	1707. Ook in 1713 en 1718	1712, 1717 en 1719	Repatrieer

Uit die bovemelde sal opgemerk word dat –

- Claas Hart, Claas Langeveld, Claas Eversz en Claas Mom al vier gerepatrieer was en dus nie aan die Kaap kon agtergebly het nie. Claas Mom het blykbaar weer in 1713 en 1718 reise onderneem;
- Claas Dircks oorlede is in 1700; en
- Claas Schim/Shim aan die Kaap agtergebly het, 30 Junie 1708 'n Vryburger geword het en in 1728 oorlede is. Daar word in die data aangedui dat Claas Schim oorlede is in Asië. Die Kaap het egter onder die VOC-regering in Batavië ressorteer en die verwysing na Asië sluit nie die Kaap uit nie[19]. Op Schim se skeepsoldyrekening word ook aangetoon dat hy aan die Kaap oorlede is[20].

Volgens die bovermelde gegewens oor Claas Schim tree hy op 21 Desember 1701 in diens van die Kamer van Amsterdam van die VOC as 'n Matroos, tree hy op 30 Junie 1708 uit diens toe hy aan die Kaap 'n Vryburger word en sterf hy in 1728. Toe hy in diens tree het hy 'n maandbrief en 'n skuldbrief en is sy begunstigde sy vader, Jan Bruijn. Schim vaar uit op die *Reigersdaal* wat op 21 Desember 1701 vertrek vanaf die eiland Texel buite Amsterdam[21]. Die skip kom op 13 April 1701 aan die Kaap aan en vertrek weer op 2 Mei 1701 na Batavië.

Daar kon egter nie inskrywings in die monsterrolle van 1702/04/08 ten opsigte van Claas Schim gevind word nie[22].

Indien die gegewens oor Claas Jansz van Rensburg in die eerste scenario en Claas Schim vanaf Rensburg vergelyk word, is 1708 'n waterskeidingsjaar. Voor 1708 is daar niks oor Claas Jansz bekend nie en na 1708 is daar niks oor Claas Schim bekend nie, behalwe sy sterfdatum. In die tabel hieronder word die gegewens kortliks aangedui:

Insident	***Claas Jansz van Rensburg***	***Claas Schim vanaf Rensburg***
Geboorte	c. 1661 volgens ouderdom aangedui op sy testament van 21 Maart 1727.	Geen inligting.
Naam	Claas Jansz eers in 1708 vermeld.	Claas Schim. Die spelling "Shim" was 'n spelfout met die transkripsie van die rekords. Verskyn na 30 Junie 1708 (vryburger) glad nie weer nie.
Ouers	Geen inligting. Sy naam dui daarop dat hy die seun van Jan was.	Sy vader was Jan Bruijn aan wie hy drie maande se loon jaarliks oormaak.
In diens van VOC	Geen inligting	Hy tree hy op 21 Desember 1701 in diens van die Kamer van Amsterdam van die VOC as 'n Matroos.
Skuld	Geen inligting.	Volgens die gegewens oor Claas Schim het hy 'n maandbrief en 'n skuldbrief gehad.

Aankoms in die Kaap	Geen inligting. Eerste aanduiding in die Kaap is sy huwelik in 1708.	Kom in die Kaap aan op op 13 April 1702 op die *Reigersdaal* wat op 21 Desember 1701 vertrek uit Nederland. Sy skeepsoldyrekening is op 20 April 1702 gebalanseer en hy seil dus nie verder met die skip nie.
In diens van die VOC	Geen aanduiding.	Daar is na hom verwys as ’n matroos en later as ’n soldaat.
Vryburger	Nie gegewens beskikbaar nie. Waarskynlik voor huwelik op 14.8.1708.	30 Junie 1708
Leenkneg	Geen inligting.	26 April 1702: Leenkneg vir Claus Heinrich Diepenow. Kontrak rojeer op 29 Oktober 1705.[23] [24]
Leenkneg	Geen inligting.	31 Oktober 1705: Leenkneg van Gerrit Gerrits van Oldenburg. Kontrak rojeer op 8 Februarie 1706.[25]
Leenkneg	Geen inligting.	8 Februarie 1706: Leenkneg van Pieter Robbertsz. Kontrak eindig op 30 Junie 1708 toe Claas Schim ’n Vryburger word.[26]
Huwelik	Trou op 14 Augustus 1708 met Aletta van der Merwe. Aletta was die jonger suster van Sophia van der Merwe wat met Pieter Robbertsz getroud was – die eienaar van die plaas waar Claas Schim ‘n leenkneg was.	Geen rekord van ’n huwelik nie. By sy sterfte word aangedui dat hy ’n vrou en kinders nalaat.
Kinders	Sewe kinders.	Hy verdwyn uit die rekords vir die tydperk tussen 1708 en 1728. By die datum van sy sterfte word aangedui dat hy ’n vrou en kinders nalaat. Geen rekord van kinders nie.
Handtekeninge: Verskille in handtekeninge opvallend.	Claas Jansz teken deurgaans as Claas Jansz al is dit maar krom en skeef. Voorbeelde: Gebruik *ß* in handtekening in 1710.[27]  Gebruik *ß* in handtekening in 1710.[28]	Claas Schim teken die eerste keer met wat moontlik twee letters is, insluitende die letter *ß,* en daarna met ’n kruis.  29  30 31 32

		[33]
Testament	21 Maart 1727	Geen
Sterfte	Dit is waarskynlik dat Claas tussen 1 Junie 1728 en 6 Oktober 1728 oorlede is. Die testament is op 8 Desember 1728 by die Weeskamer ingedien. Hy laat sy vrou en kinders na.	31 Augustus 1728 en laat ’n vrou en kinders na.

Mev. Wood wys daarop dat daar vier *ooreenkomste* tussen Claas Jansz en Claas Schim is[34]:

- Dieselfde voornaam – Claas.
- Diesefde naam van die vader – Jan.
- Dieselfde sterfdatum. Eintlik is dit dieselfde sterfjaar maar daar is nie botsings tussen die benaderde sterfdatum van Claas Jansz en die sterfdatum van Claas Schim nie.
- Dieselfde plek van herkoms.

Daar is egter ook ’n paar *ander aspekte* wat opvallend is:

- Die feit dat daar tans geen rekord oor Claas Jansz voor 1708 is nie en weer geen rekord van Claas Schim daarna nie – behalwe die sterfdatum. Oënskynlik vloei die twee lewens inmekaar.
- Claus Heinrich Diepenow was ook, benewens die eienaar van Joostenburg en Waarburg, vanaf 1693 tot 1705 die eienaar van die plaas Eensaamheid wat ’n buurplaas van Vrymansfontein was, waar Aletta en haar eerste man destyds gewoon het.
- Die feit dat Claas Jansz op 14 Augustus 1708 trou met Aletta van der Merwe, die jonger suster van Sophia van der Merwe, wat met Pieter Robbertsz getroud was – die eienaar van die plaas Rustenburg in die Distrik Stellenbosch waar Claas Schim die leenkneg was.
- Geen rekord van Claas Schim se huwelik, kinders (soos bv. dope) of aktiwiteite (soos in opgaafrolle) nie. Hierdie is ’n belangrike aspek, want hoe sou die VOC-klerke in 1728, nadat daar niks oor hom is vir 20 jaar nie, geweet het om die sterfdatum van Claas Schim aan te teken.
- Die opsigtelike verskille en tog moontlike ooreenkomste in die handtekenings van Claas Jansz en Claas Schim. Die aspek word hieronder behandel.

Die handtekeninge van Claas Schim en Claas Jansz van Rensburg is moontlik meer verwarrend as wat dit oplossings bied. Aanvanklik teken Claas Schim sy naam met ’n *ß* in 1702, maar daarna in kontrakte in 1705 en 1706, met ’n laaste handtekening in 1708, teken hy met ’n kruis. In die vroegste handtekeninge van Claas Jansz van Rensburg wat hy in 1710 gebruik kom die letter *ß* (eszett) voor, wat dadelik herinner aan Claas Schim se 1702 handtekening, maar dan laat die tydperk wat Claas Schim tussenin met ’n kruis teken weer twyfel ontstaan. Na 1710 gebruik Claas Jansz van Renburg nie die *ß* sodanig dat dit duidelik sigbaar is in die beskikbare handtekeninge nie. Die gebruik van die *ß* is egter ’n aanduiding dat ’n Duitse herkoms vir beide nie uitgesluit is nie.

Daar is ook twee ander verwysings na die redelike skaars van Schim wat onder die aandag gekom het:

- Op 5 Junie 1705 kom Coert Schim (Schem) van Paderborn in die Kaap aan vanaf Nederland op die *Schoonderloo*. Hy is op 22 Maart 1706 aan die Kaap oorlede[35]. In sy testament van 21 Maart 1706 word na hom verwys as in die hospitaal en “… siekelijk te bedde leggende …”[36].
- In die gesprekke oor die herkoms van Claas Jansz het mnr. Jan H van Jaarsveld gewys op die voorkoms van Schims in Maassluis, ’n dorp in Suid-Holland en die waarskynlikheid geopper dat Claes Jans Schim van Maassluis dalk dieselfe persoon kan wees as Claas (Jans) Schim vanaf Rensburg[37].

Indien Claas Jansz en Claas Schim dieselfde mens was, ontstaan die vraag waarom die naamsverandering plaasgevind het. Dit is nie vreemd dat name aan die Kaap verander het nie en daar was selfs gevalle van skuilname. Johan Augustus Dreyer het in 1713 uit Nederland in die Kaap aangekom as Isaac Dalgue[38] en eers in sy testament sy ware naam bekendgemaak[39].

Gevolgtrekking

Die rekords oor die lewens van Claas Schim vanaf Rensburg en Claas Jansz van Rensburg vloei so ineen dat die versoeking baie sterk is om hulle sondermeer as dieselfde persoon te beskou. Inderdaad is die omstandigheidsgetuienis baie sterk. Dit is veral die aanduiding van Claas Schim se sterfdatum en die feit dat hy 'n vrou en kinders gehad het, terwyl daar geen Schim-rekord in die verband is nie, wat daarop dui dat die owerheid geweet het wie Schim was en dat die twee persone dieselfde mens was.

Daar is nog nie konkrete gegewens wat op die teendeel wys nie, behalwe dat die handtekeninge vrae laat ontstaan. Daar is egter ook nie konkrete gegewens wat bevestig dat die twee rekords dié van een persoon is nie. Daarom word daar nie onomwonde gestel dat die twee rekords dié van dieselfde persoon is nie en word verdere inligting ingewag.

Tans is daar ook nog nie afdoende getuienis oor Claas se plek van herkoms nie. Hoewel mev. Elmien Wood aanvanklik meen dat die kanse die grootste is dat dit Rijnsburg in Nederland is, het sy in e-pos korrespondensie aangedui dat die gebruik van die ß tog die moontlikheid ooplaat vir 'n Duitse herkoms.

Ander aspekte

Die moontlikheid word ook genoem dat Claas se naam Nicolaas was[40]. Daar is egter geen aanduiding dat dit wel die geval is nie en oral word na hom verwys as Claas. Die van "Janse van Rensburg" word op verskillende wyses gebruik en gespel sedert die spelling van vanne redelik gestandaardiseer is. Sommige persone het die "Janse" weggelaat en gebruik net "Van Rensburg". Sommige persone gee voorkeur aan "Janse van Rensburg" terwyl andere weer "Jansen van Rensburg" verkies.

Daar is ses handtekeninge van Claas wat behoue gebly het. Hieronder is drie van die handtekeninge:



"Dit heeft Claas Jansz v: rensburgh geschreven"[41]



[42] en [43]

Handtekening van Claas op 'n versoekskrif aan die Landdros van Stellenbosch en Drakenstein.



[44].

Handtekening van Claas Jansz op 27.12.1722 by die aangaan van 'n kontrak met Pieter Paulus Tame.

Huwelik en Gesin

Claas trou in Stellenbosch op 14 Augustus 1708 met Aletta (Aaltje) van der Merwe. Die huwelik is bevestig deur ds. H Beck. In 'n testament wat Claas en Aletta in 1727 opstel, word hul ouderdomme vermeld[45]. Volgens die ouderdom wat vir Claas verstrek word, moes hy in die omgewing van 47 jaar oud gewees het toe hy trou. In ag genome Aletta se doopdatum, moes sy ongeveer 24 jaar oud gewees het.

Aletta is omstreeks 1684 gebore en te Kaapstad gedoop op 30 April 1684. Sy was die sewende kind van die Van der Merwe stamvader, Willem Schalks van der Merwe en Elsje Cloete. Willem kom in 1660 in die Kaap aan en trou alhier in 1668 met Elsje of Elsie Cloete. Elsje was die oudste dogter van Jacob Cloete en Sophia (Fijtje)

Raderotjes (op verskeie wyses gespel), wat in 1659 in die Kaap aangekom het. Jacob Cloete was een van die baie vroeë inwoners in die Kaap en het moontlik reeds in 1657 die eerste keer hier aangekom, vanaf Oedt, Keulen, Duitsland.

Aletta was omstreeks 1701 eers getroud met Marthinus van Staden. Hulle het twee kinders[46], Maria en Marthinus, gehad. Van Staden is in die laaste maande van 1707 oorlede. Daarna vind die huwelik met Claas Jansz van Rensburg plaas op 14 Augustus 1708. Aletta was in daardie stadium in besit van die plaas Vrymansfontein.


ditto. Claas Jansz van Renfburg, met Aaltie Schalk vande Caab.

Huweliksinskrywing van Claas en Aletta ("Aaltie Schalk van de Caab.")[47]

Die feit dat Claas nagenoeg 47 jaar oud was toe hy en Aletta trou, laat die vraag ontstaan of Claas nie voorheen ook getroud was nie. Daar kon egter nie tot dusver enige aanduiding in die verband in die Kaap of Europa opgespoor word nie. Wat egter interessant is, is dat hy nie as 'n "jongman" in die huweliksregister aangetoon word nie.

Claas en Aletta het sewe kinders gehad, waarvan drie dogters was, wat getroud was met drie Van der Merwe broers:

- Johannes, getroud met Anna Margaretha Botha.
- Elsie, getroud met Pieter van der Merwe.
- Cecilia, getroud met Izak van der Merwe. Broer van Pieter hierbo.
- Willem, getroud met Anna Sophia Burger.
- Nicolaas, getroud met Maria Marais.
- Hendrik, getroud met Anna Maria van der Merwe.
- Sophia, getroud met David van der Merwe, broer van Isak en Pieter hierbo.

Die moontlikheid is ook geopper dat daar 'n dogter Aletta kon gewees het[48]. Indien die gewone vernoemingspatroon van daardie tyd in ag geneem word, het Claas en Aletta dit in 'n groot mate gevolg, maar is Aletta self nie vernoem nie. Die moontlikheid bestaan dus dat daar 'n kind is wat vroeg en ongedoop oorlede is, wat Aletta genoem was.

Claas het ook voorsiening gemaak vir die opvoeding van sy kinders. Op 29 Desember 1722 gaan Claas Jansz 'n kontrak aan met die Adelbors Pieter Paulus Tame van Den Haag om hom as leenkneg as "School meester" te dien teen 'n besoldiging van ƒ14 Indiese Valuasie, vry tabak, kos, drank en huisvesting[49]. Die kontrak is in 1723 en 1724 telkens vir nog 'n jaar verleng.

Woonplekke

Claas word in 1712 en 1713 aangegee op die monsterrolle vir Drakenstein as "Claas Jansz van Rensburg en Alida Willemse" en as "Claas Jansz & Aaltje Schalk"[50]. Die verwysings na Alida Willemse en Aaltje Schalk is albei verwysings na Aletta van der Merwe, die dogter van Willem Schalks van der Merwe.

Volgens die inligting wat elders verstrek word, het die gesin aanvanklik gewoon op die plaas Vrymansfontein in die Drakenstein Distrik, wat Aletta van haar eerste man erf en wat na hul huwelik Claas se eiendom word. Die plaas was agter die Paarlberg (wes daarvan) geleë en hulle bewoon dit vanaf hulle huwelik in 1708 tot 1711.

Buurplase van en nabygeleë plase aan Vrymansfontein en die eienaars daarvan in Claas se tyd.



Paarl Diamant: Theunis de Bruin en Nicolaas Gockelius
Ruigtevlei: Nicolaas Meyboom en Meyndert de Mertz
Landskroon: Lambert Smit getroud met Maria van der Merwe en Jan Meyndert Cruywagen.
Leeuwenjag: Lambert Smit, getroud met Maria van der Merwe.
Blomkool – huidige Fairview: Jan Brommert en Guillaume Frisnet.
Diamant: Johann Schöpping, getroud met Jacoba Jacomina van der Merwe.
Zandwyk: Willem van Wyk.
Eensaamheid: Adam Tas.
Nota:

- Maria en Jacoba van der Merwe hierbo, was susters van Claas se vrou, Aletta van der Merwe.
- Die kaart kom uit die reeks *Bewaarders van ons Erfenis*[51] en die besonderhede oor die persone uit die reeks *Ons Drakensteinse Erfgrond*[52].

Hieronder word verwys na Claas se bydrae tot die maak en instandhouding van paaie en daar word ook die name genoem van ’n aantal persone met wie hy moes saamwerk. Dit is moontlik dat Claas en sy gesin nie op Hottentotsfontein (Ongegund) gewoon het nie, maar in 1711 na die Land van Waveren getrek het en hulle op Rensburg (Knolvlei) gevestig het. Aldus word hulle van die vroeë nedersetters in die Land van Waveren – die Tulbaghvallei. Hulle bure net noord van hulle was Philip du Preez (1681 – 1721) en sy vrou Elizabeth (Isabeau) Prevot (1683 – 1750) op die plaas Artois. Oos van Artois, was hulle bure Pieter Willemsz van Heerden (c. 1681 – 1763) en Aletta se suster, Magteld van der Merwe (c. 1691 – 1765?). Na die suide was Pieter Jansz Swanepoel, Pieter Joubert, Hercules du Preez, Coenraad Scheepers en hul gesinne. Na die noorde by Tulbagh was mense soos Jannetje de Klerk en Jacques Theron, met sy vrou Marie-Jeanne du Preez.
Dit is moontlik dat Claas en Aletta vir die res van hul lewens op Rensburg gewoon het. Na Claas se sterfte in 1728 en Aletta in 1729, word die inventaris egter opgestel en die vendusie uit die boedel gehou op Zeekoegat. Die moontlikheid bestaan dus dat Zeekoegat teen die einde van hul lewens hul woonplaas was. Die moontlikheid word ook in *Die Rietvleiers*[53] genoem.

Eiendom en Boerdery

Opgaafrolle van Claas Janse van Rensburg

Distrik	DRS[54]	DRS[55]	DRS[56]	DRS[57]	Boed[58]
Item	**1709**	**1712**	**1719**	**1723**	**1729**
Mans	1	1	1	1	-
Vroue	1	1	1	1	-
Seuns	2	2	3	4	5*
Dogters	1	1	3	2	4*
Slawe	2	2	4	6	5
Perde	6	8		2	16
Beeste	32	30	50	30	191
Skape	500	200	200	300	1334
Wingerdstokke	8100				
Koring gewen (mud)	1		30		9
Gars/Rog/Gort gewen (mud)	2			50	
Snaphane	1	1	1	1	2
Degens (Swaarde)	1	1	1	1	
DRS = Drakenstein (Paarl). Boed. = Boedel. *= Sluit almal in.					

Daar kon nie ’n verwysing opgespoor word dat Claas Jansz op ’n bepaalde tyd ’n Vryburger geword het nie. Dit word vermoed dat hy reeds ’n Vryburger was toe hy getroud is in 1708. (Claas Schim het op 30.6.1708 vryburger geword.)

Soos uit die gegewens oor opgaafrolle hierlangsaan gesien kan word, het Claas-hulle deurgaans van slawe-arbeid gebruik gemaak. Toe Aletta se boedel opgestel is, was daar vyf manlike slawe:

- Josep van Malabaar.
- Coridon van Malabaar.
- Anthonij van Malabaar.
- Arij van Bengale.
- Hans van die Koromandel kus – Indië.

Benaderde ligging van Vrymansfontein



Claas het meerendeel met skape en beeste geboer, maar ook koring/tarwe en gars gesaai.

Aletta se eerste man, Marthinus van Staden, het die plaas **Vrymansfontein** in die Wyk agter-Paarl, Drakenstein[59] op 2 Julie 1705 bekom. Na sy dood en na Aletta se huwelik met Claas gaan die eienaarskap oor na Claas Jansz van Rensburg. Vrymansfontein was 60 morg en 100 vk roede groot. Die plaas word op 9 Oktober 1711 verkoop aan Nicolaas Prinsloo en Claas-hulle verhuis na die huidige Wolseley omgewing[60].

Op 17 Oktober 1708 word toestemming aan Claas verleen om vir ses maande die plaas **Hottentotsfontein** (later Ongegund)[61] naby Riebeeck Kasteel te okkupeer[62]. Op 10 Mei 1709 is die toestemming vir nog ses maande verleng[63]. Die plaas is tans as Ongegund bekend en was in die Wyk Voor-Kasteelberg van die Distrik Malmesbury[64].

Op 15 November 1710 gaan Claas ’n vennootskap aan met Jan Carstens van Husum in Duitsland dat Claas 400 skape sal voorsien en Jan Carstens hulle dan moet versorg op ’n stuk grond tussen Riebeeck Kasteel en die Paardeberg, wat heel moontlik Hottentotsfontein was[65]. Wanneer die vennootskap ontbind moet Carstens aan Claas ƒ600 Kaapse geld (vir die 200 skape wat Carstens se aandeel is), 200 skape en die helfte van die aanteel teruggee[66]. Die kontrak word rojeer op 12 Februarie 1712.

Benaderde ligging van Hottentotsfontein (Ongegund) en Rensburg (Knolvlei)



’n Plaas aan die duskant (van die Kaap se kant gesien) van die Breërivier en teenoor die plaas van Philip du Preez (Artois) word in die Land van Waveren aan Claas in lening toegeken op 17 Desember 1711[67]. Uit ander bronne is dit bekend dat dit die plaas is wat Claas “**Rensburg**” genoem het[68]. Die plaas was in die Wyk Breërivier van die Distrik Tulbagh en was later bekend as Knolvlei[69].

Opmeting van Rensburg in die Land van Waveren[70]



Claas rig ’n petisie omstreeks 1723 aan Goewerneur Maurits Pasques de Chavonnes en die Politieke Raad dat hulle die Plaas Rensburg in die Land van Waveren (Tulbagh) aan hom in eiendom sal toeken[71]. Hy noem dat die plaas op 10 September 1714 deur die Landmeter opgemeet is. Dit is 60 morge groot. Hy was onder die indruk dat die plaas aan hom as eiendomsgrond toegeken is, maar dit blyk nie die geval te gewees het nie. Die plaas is bewerk en daar is verbeterings aangebring.

Die Politieke Raad oorweeg Claas se petisie op 20 April 1723 en verwys dit na die Regering in Batavië, waaronder die Kaapse Regering geressorteer het[72]. Böeseken en Cairns[73] meld dat die plaas as ’n leningsplaas aan Claas toegeken is in 1711[74]. Die toestemming is op 10 September 1712 verleng[75] en toe weer op 7 April 1713[76], 3 Mei 1713[77] en 10 November 1713[78]. Die

verlengings het blykbaar aangehou tot Claas se dood, want hy is nie van die plaas afgesit nie, hoewel dit ook nie aan hom as eiendomsplaas toegeken is nie. Die plaas is in 1729 toegeken aan Andries Gous en is toe beskryf as die Knollevallei in Roodesand, wat voorheen die plaas van Claas Jansz van Rensburg was.

Benaderde ligging van Zeekoegat



Daar is ook ’n verwysing dat ’n leningsplaas **Groote Craal** aan Claas toegeken is op 17 Februarie 1717[79]. Daar kon egter nie so ’n toekenning in die *Oude Wildschutte Boeken* (KAB RLR 3) opgespoor word nie.

Op 7 Mei 1723 word die leningsplaas **Zeekoegat** aan die Bergrivier aan Claas toegeken[80]. Die enigste plaas met die naam Zeekoegat aan die Bergrivier, is in die Wyk Paardeberg van die Distrik Drakenstein[81]. Die toekenning word telkens verleng tot 1728. Op 6 Oktober 1728 word aan Aletta, weduwee van Claas, toestemming verleen vir die verdere okkupasie van Zeekoegat vir twee jaar as weiplaas[82]. Die plaas word na Aletta se dood op 30 September 1729, toegeken aan Jonas van der Poel op 19 November 1729. In die toekenning aan Van der Poel word daarna verwys dat dit die plaas van Claas Jansz van Rensburg was[83].

Uittreksel uit kaarte deur Koeman van grondtoekennings in die eerste helfte van die agtiende eeu[84]



Banaderde ligging van Klaasvoogdsrivier



Die toekenning van die plaas "… aan die **Claas Voogts rivier** …"[85] geskied op 5 Julie 1724 en die toekenning word telkens verleng met die laaste verlenging op 6 Maart 1728[86]. Die plaas was teen 1850 in die Wyk Voor-Kogmanskloof van die Distrik Swellendam[87]. Die plaas word op 27 Desember 1729 as die gewese plaas van Claas Jansz van Rensburg toegeken aan Hendrik van der Merwe[88].

Kerk en gemeenskap

Op 29 Junie 1700 word die naam van Aeltje Willems (Aletta) van der Merwe aangebring in die lidmateregister van die Kerk te Stellenbosch[89]. Aletta is ook in die lidmateregister van die kerk te Drakenstein aangeteken, maar sonder 'n aanvangsdatum, en met 'n sterfdatum van 30 September 1729[90]. Daar is nie ander Van Rensburgs in die Drakenstein-register nie.



Inskrywing in die lidmateregister van Drakenstein (Paarl) met Aletta se sterfdatum.

Die eerste twee kinders is te Stellenbosch gedoop in 1709 en 1712. Vanaf 1715 tot 1723 word die kinders gedoop te Paarl (Drakenstein).



Stellenbosch 1711. E V Stade.[91]

Daar is reeds in Hoofstuk 3 ’n brokkie ingesluit oor die vroeë Kaapse kerk. Dat Claas Jansz se naam nie voorkom in die lidmaatregisters van Stellenbosch of Drakenstein nie, kan moontlik daarop dui dat hy aan ’n ander denominasie as die Gereformeerde (later Hervormde en tans NG Kerk) behoort het. Dit sou nie belet dat hy voluit aan die doop van die kinders kon deelneem nie.

In 1708 kom Claas se naam voor in die Pad- Wegen- en Driften Rollen van Drakenstein (onder Stellenbosch) om ’n bydrae te lewer om ’n gedeelte van die paaie “… bekwaam te maaken …” saam met bure soos Dirk van Schalkwyk, Boy Booysen, Francois Bastiaanse, Gerrits Jansz van Deventer, Gideon le Grand, Ari van Wyk. Abraham Diemer, Claas Meijboom, Lambert Smit, Matthys de Beer, Claas Prinsloo, Jurgen Kervel en nog vele ander[92]. Van 1709 tot 1711 kom Claas se naam weer voor vir Drakenstein en in 1710 is hy die opsiener vir die groepie waarby hy ingedeel is. In 1711 is Claas lid van ’n padspan in die Land van Waveren[93].

In 1711 is Claas in die Land van Waveren ingedeel in ‘n padspan saam met Schalk van der Merwe (Aletta se broer), die drie Du Preezbroers Philip, Francois-Jean en Hercules, Theunis Botha, Louis le Riche, Jan Harmen en Hans Jurgen Potgieter en Louis Fourie.

Op 27 Mei 1709 word Claas aangestel as Korporaal van die Burgermag Infanterie van Drakenstein[94]. Op ’n vergadering van die Krygsraad van Stellenbosch op 10 Februarie 1710 is Claas aangestel as Sersant van die Burgermag Infanterie van Drakenstein[95]. Op sy vergadering van 5 Oktober 1723 bekragtig die Politieke Raad die ontslag van “… den kranksinnige Claas Jansz van Rensburg …” as Sersant[96].



Burchell Deel 2. Bl. 121

Uittreksel uit Claas en Aletta se testament in 1727



"… present ende verscheenen zijn, den landbouwer Claas Jantz: van Rensburg oud 66, ende Aletta van der Merwe van Cabo de Goede Hoop, oud 40 jaren, egte luijden, mij Secret's ende getuijgen bekend, beijde gesond van Lichamen met … gaande en staande, haar verstand, sinnen, en memorie, volkomen magtig … "[97]

Die gebruik van die woord "kranksinnigheid" het al tot baie spekulasie aanleiding gegee en die betekenis daarvan sal beslis hedendaags baie verskil van die betekenis 300 jaar gelede. Enersyds is die woord met verwysing na Claas gebruik in die dokumentasie van drie owerheidsinstellings – die Stellenboschse Krygsraad, die Landdros en Heemrade en die Politieke Raad. Een van die Stellenboschse Heemrade was sy swaer Schalk Willems van der Merwe en dit laat die vraag ontstaan of die verwysing na kranksinnigheid nie moontlik meriete gehad het nie. Drie seuns van Schalk van der Merwe sou later met die drie dogters van Claas Jansz trou.

Andersyds gaan Claas Jansz blykbaar onverstoord voort met sy lewe, gaan hy transaksies aan, 'n leenplaas word aan hom toegeken, hy laat nog 'n kind doop en hy mede-onderteken 'n versoekskrif. Die sterkste getuienis dat hy ten minste nie permanent "kranksinning" was nie, is hulle testament wat hulle op 21 Maart 1727 maak en waarin die opsteller bevestig dat Claas Jansz en Aletta aan hom en die getuies bekend is en dan boekstaaf dat hulle liggaamlik en geestelik gesond is.

Allerlei

Indien Claas Jansz teen 1706/1707 in die Kaap was en/of indien hy en Claas Schim dieselfde persoon was, sou hy ten minste van die verset teen Goewerneur Willem Adriaan van der Stel bewus gewees het. Nóg Claas Jansz, nóg Claas Schim het die beswaarskrif of die verdediging van Van der Stel onderteken. Die latere versoekskrif waaroor hieronder geskryf word, dui daarop dat dieselfde probleme hulle maar herhaal het.

Die VOC het streng beheer oor die ekonomiese lewe in die Kaap uitgeoefen. Vir 'n hele tydperk is verskillende "pagte", soos vir wyn en vleis, aan enkele individue toegeken. Die paghouers het dan die alleenreg op handel, ens. gehad en die boere kon, byvoorbeeld, nie hulle vee self slag vir verhandeling of verkoop aan skepe, ens. nie. In 'n ongedateerde versoekskrif aan die Landdros van Stellenbosch en Drakenstein, wat onderteken is deur 'n hele aantal burgers, insluitende Claas, word gevra dat die toekenning van die vleispag afgeskaf word. Daar word daarop gewys dat die boere moeilike tye beleef en dat die pagters net ten voordeel van hul self 'n vaste prys vir vee betaal. Daar word versoek dat die pagstelsel afgeskaf word en dat vryslagters en die boere die slagwerk van vee kan onderneem[98]. Die uitslag van die versoek is nie bekend nie.

'n Ander ingrypende gebeurtenis in die leeftyd van Claas Jansz en sy gesin in die Kaap was die ernstige pokke-epidemie van 1713. Daar is ook oor die epidemie kortliks in Hoofstuk 2 geskryf. Claas en sy gesin oorleef die epidemie.

Claas was ook deel van die ekonomiese aktiwiteite van sy tyd. Hy was aan die boedels van Arnoldus Kruysman[99], Jurgen Friedrich Corbach[100] en Arnoldus Willemsz Basson[101] gelde verskuldig en die boedel van Jan Meynderts Cruywagen[102] was weer aan Claas geld verskuldig vir gelewerde goedere. Op 4 Julie 1724 gaan hy 'n lening vir ƒ1100 by die weduwee Bouman aan[103].

Claas het ook, soos so baie van sy medeboere, uit die veilings van bestorwe boedels items en vee aangekoop. Op 29 November 1709 koop Claas houers met "rommeling", 2 bulletjies en 3 koeie met 2 kalwers aan uit 'n onbekende boedel[104]. Uit die boedel van Jannetje Jansz[105] koop Claas op 15 Januarie 1721, onder andere, 'n skaaf en stukkies gereedskap, 'n bed, 2 waterremmers, 2 sakke rog en 75 skape. Op 6 Junie 1724 koop Claas uit

die boedel van Stijntje Christoffelse de Bruijn[106] 'n ossewa, 26½ mud meel, 8 koeie, 12 "beestjes" en 'n tafeltjie.

Latere lewensjare

Claas en Aletta maak op 21 Maart 1727 'n testament[107]. Daar is al voorheen na bepaalde aspekte van die testament verwys. 'n Belangrike opmerking in die testament is dat Claas 66 jaar oud is by die maak daarvan en Aletta 40 jaar. Daar is nie 'n wyse om die bewering oor Claas te kontroleer nie en dit word aanvaar dat hy omstreeks 1661 gebore is. Ten opsigte van Aletta is bekend dat sy in 1684 gedoop is, dat die verwysing in die testament na 'n ouderdom van 40 jaar dus verkeerd is en dat sy nagenoeg 43 jaar oud was by die opstel van die testament.

Die testament maak voorsiening vir vererwing aan die langslewende, maar ook dat ƒ25 na die Diakonie gaan. Daar is ook bepaal dat 'n slaaf, Abraham van Madagaskar wat tussen 16 en 17 jaar oud was, deur die testateurs "… uijt sonderlinge reedenen haar toe moveren aan haar soon Claas Jansz van Rensburg …" bemaak word. Met die bemaking van die slaaf aan "… haar soon …" Claas Jansz van Rensburg word verwys na hulle seun Nicolaas wat omstreeks 1720 gebore is en nagenoeg sewe jaar oud was toe die testament gemaak is. In die testament is ook spesifiek verwys na Aletta se twee Van Staden kinders, wat uit haar erfporsie moet erf saam met haar Van Rensburgkinders.

Daar kon nie 'n spesifieke sterfdatum vir Claas bepaal word nie. Met die toestemming tot die okkupasie van Zeekoegat aan die Groote Bergrivier aan Aletta op 6 Oktober 1728[108], word na haar as 'n weduwee verwys. Met die verlengings van die okkupasiereg op Zeekoegat op 6 Maart 1728[109] en Claas Voogdsrivier op 1 Junie 1728[110], is dit waarskynlik dat Claas toe nog geleef het. Dit is dus waarskynlik dat Claas tussen 1 Junie 1728 en 6 Oktober 1728 oorlede is. Claas en Aletta se testament is op 8 Desember 1728 by die Weeskamer ingedien en Aletta leef nog na daardie datum. Die indiening moes dus as gevolg van Claas se sterfte geskied het. Dit pas in by die inligting dat Claas Schim op 31 Augustus 1728 oorlede is.

Soos reeds vermeld, is in die lidmateregister van die kerk te Drakenstein (Paarl) aangeteken dat Aletta oorlede is op 30 September 1729. Sy is begrawe by die Drakensteinse kerk op die terrein waar die huidige Strooidakkerk staan[111].

In die boedel van Aletta word die plase Rensburg, Zeekoegat en Klaas Voogdsrivier aangetoon. Die inventaris[112] is geneem op Zeekoegat en die vendusie[113] vind daar plaas. Aangesien die plase leningsplase was, kon hulle nie verkoop word nie, maar die verbeterings op hulle kon wel verkoop word. Jonas van der Poel koop die opstal op Zeekoegat, Andries Gauche (Gous) die opstal op Rensburg en Hendrik Willemsz van der Merwe die opstal op Claasvoogdsrivier. Volgens die pryse wat betaal is, was die verbeterings op Rensburg die duurste. Daar was heelwat implemente, gereedskap, kombuistoebehore en meubels in die boedel. Die vendusie lewer Rds. 3908 op.

Die kinders erf elkeen Rds492.6.8 uit die boedel[114]. Toe Aletta oorlede is, was die kinders se ouderdom soos volg:-

- Maria van Staden, getroud met Frans Smit. Ouderdom onbekend.
- Marthinus van Staden – 23 jaar.
- Johannes – 21 jaar.
- Elsie – 17 jaar.
- Cecilia – 14 jaar.
- Willem – 12 jaar.

Die Strooidakkerk in die Paarl

- Nicolaas – 9 jaar.
- Hendrik – 6 jaar.
- Sophia – 4 jaar.

Op 2 November 1729 het die Weesheer goedgekeur dat Elsie, Cecilia, Hendrik en Sophia in die sorg van hul swaer Frans Smit geplaas word[115]. Willem en Nicolaas is in die sorg van hul oudste broer, Johannes, geplaas.

Claas en Aletta het 46 kleinkinders gehad, waarvan 19 dogters was. Van die 27 kleinseuns was 15 Janse van Rensburgs.

---

[1] KAB MOOC 7/1/4. Verw. 52.
[2] SAG 9. Bl. 264.
[3] TAB FK 2181.
[4] Afgelei van doopdatum.
[5] Ball, Richard en Keller, Corney. Cape Town Baptisms 1684. http://www.eggsa.org/sarecords/index.php/church-registers/cape-town-ngk-1665-to-1695/54-cape-town-baptisms-1684
[6] TAB FK 2194.
[7] SAG 9. Bl. 264.
[8] Robertson, Delia A. Compiler. *The First Fifty Years Project.* http://www.e-family.co.za/ffy. In SAG 12, bl. 68 word die beraamde troudatum as 1702 verstrek.
[9] Robertson, Delia A. Compiler. *The First Fifty Years Project.* http://www.e-family.co.za/ffy.
[10] Robertson, Delia A. Compiler. *The First Fifty Years Project.* http://www.e-family.co.za/ffy.
[11] Robertson, Delia A. Compiler. *The First Fifty Years Project.* http://www.e-family.co.za/ffy.
[12] Robertson, Delia A. Compiler. *The First Fifty Years Project.* http://www.e-family.co.za/ffy.
[13] Van Rensburg, J. H. 1994. *Die Rietvleiers. Die Familiegeskiedenis van 'n Tak van die Familie van Rensburg*. Somerset-Wes. Deur skrywer uitgegee. ISBN 0-620-18691-7.
[14] Van Rensburg, Andre. Claas Jansz van Renburg. www.oocities.org.athens.atlantis/4364/
[15] Hooge, J. 1946. *Personalia of the Germans at the Cape 1652 – 1806.* Gepubliseer in: Beyers, Dr. Coenraad. Redakteur. *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis: Negende Jaargang.* Kaapstad: Cape Times vir Staatsdrukker. Bl. 333.
[16] Nationaal Archief Nederland. VOC-Opvarenden. Den Haag. http://www.voc.websilon.nl/Search.aspx
[17] Wood, Elmien. 2012. *My naam is Van Rensburg, Janse van Rensburg. Of is dit Bruin of dalk Schim?* Gepubliseer in: *Capensis*. Kwartaalblad van die Wes-Kaapse Tak van die GGSA. Posbus 4674 Tygervallei. Nommer 3 van 2012, September 2012. Ble. 4 en daaropvolgend.
[18] Nationaal Archief Nederland. VOC-Opvarenden. Den Haag. http://www.voc.websilon.nl/Search.aspx
[19] Keller, Corney. 2016. E-pos van 14.2.2016 aan SA-Gen: [Hulp] Dreyer eers Dalgue??. Vanaf corney.keller@hetnet.nl
[20] Wood, Elmien. 2012. *My naam is Van Rensburg, Janse van Rensburg. Of is dit Bruin of dalk Schim?* Bl. 6.
[21] Huygens Instituut voor Geschiedenis. *Dutch Asiatic Shipping in the 17th and 18th centuries*. http://resources.huygens.knaw.nl/das Onder aandag gebring deur mnr. Andre van Rensburg.
[22] KAB VC 40.
[23] KAB CJ 2873. Verw. 261.
[24] Wood, Elmien. 2020. E-pos. Mev. Wood het aangedui dat die feit dat daar ooreenstemming is tussen die datum op hierdie kontrak en die inskrywing daaroor in die Skeepsoldyrekening vir haar voldoende bewys is dat die twee Clase dieselfde person is.
[25] KAB CJ 2874. Verw. 84.
[26] KAB CJ 2874. Verw. 102.
[27] KAB 1/STB 18. Verw. 41. Van Rensburg, Andre het in 'n e-pos in 2016 daarop gewys dat die handttekening die *ß* insluit.
[28] KAB 1/STB 18. Verw. 41. Van Rensburg, Andre het in 'n e-pos in 2016 daarop gewys dat die handttekening die *ß* insluit.
[29] KAB CJ 2873. Verw. 261. Op 26 April 1702 gaan die matroos Claas Schim 'n kontrak aan met Claas Hendrikse Diepennauw (Claas Hinrich Diepenow) dat hy hom vir 'n jaar as leenkneg sal dien teen vergoeding van ƒ10 "ligte geld", kos, drank en huisvesting.
[30] KAB CJ 2874. Verw. 102. Op 8 Februarie 1706 gaan Pieter Robbertsz, verteenwoordig deur Cornelis Barends, 'n knegkontrak aan met Claas Schim om hom te dien vir 'n jaar teen ƒ12 Indiese Valuasie per maand en voorsiening van kos, drank en huisvesting.
[31] KAB CJ 2874. Verw. 102. By die rojering van die kontrak op 30 Julie 1708 verskyn die tweede merk van Claas Schim.

[32] KAB CJ 2874. Verw. 84.
[33] KAB CJ 2874. Verw. 84.
[34] Wood, Elmien. 2012. *My naam is Van Rensburg, Janse van Rensburg. Of is dit Bruin of dalk Schim?* Bl. 9.
[35] Nationaal Archief Nederland. VOC-Opvarenden. Den Haag. http://www.voc.websilon.nl/Search.aspx
[36] KAB CJ 2598. Verw. 10.
[37] Van Jaarsveld, J H. 2013. *Van Rensburg Jansz, of Schim of Bruin*. E-pos vanjaarsveld_jan@yahoo.com van 4 Mei 2013 en andere e-posse.
[38] SAG 2. Bl. 110.
[39] Dreyer, Annemarie. 2016. *[Hulp] Dreyer eers Dalgue??.* E-pos adreyer@sabinet.co.za van 12.2.2106.
[40] Van Rensburg, Andre. Claas Jansz van Renburg. www.oocities.org.athens.atlantis/4364/
[41] KAB 1/STB 18/41.
[42] KAB C1090. Ble. 79 – 82.
[43] KAB C1090. Ble. 79 – 82.
[44] KAB CJ 2880. Verw. 51.
[45] KAB MOOC 7/1/4. Verw. 52.
[46] SAG 12. Bl. 68. SAG verstrek die name van twee kinders: Maria vir wie nie 'n geboortedatum verstrek word nie en Marthinus wat gebore is in 1706. Van Rensburg, A. M. *Claas Jansz: van Rensburg*. www.oocities.org.athens.atlantis/4364/ noem Martha, ≈ 27.6.1706 as die eerste kind en verstrek ander geboortedatums vir die ander twee kinders. Volgens hom is Martha vroeg oorlede.
[47] TAB FK 2181.
[48] Van Rensburg, Andre. Claas Jansz van Renburg. www.oocities.org.athens.atlantis/4364/
[49] KAB CJ 2880. Verw. 51.
[50] Ball, Richard. Transcription of Cape Muster Rolls 1674 and 1675 – free men. Webwerf eGGSA http://www.eggsa.org/sarecords/index.php/muster-rolls/cape-archives-vc-copies
[51] Le Roux, J G, Niemandt J J en Olivier, Mariana. 2002. *Bewaarders van ons Erfenis: Drakenstein.* (Versprei deur die Genealogiese Instituut van Suid-Afrika.) Bl. 41.
[52] Le Roux, J G en Le Roux, W G. *Ons Drakensteinse Erfgrond: Agter-Paarl.* Paarl: Drakenstein Heemkring, Paarl. (Versprei deur die Genealogiese Instituut van Suid-Afrika.)
[53] Van Rensburg, J H. 1994. *Die Rietvleiers. Die Familiegeskiedenis van 'n Tak van die Familie van Rensburg*. Somerset-Wes. Bl. 9.
[54] KAB A 2250 en Heese, Hans. 1979. *Opgaafrolle oorgeskryf in die Ryksargief, Den Haag*. CD.
[55] KAB A 2250 en Heese, Hans. 1979. *Opgaafrolle oorgeskryf in die Ryksargief, Den Haag*. CD.
[56] KAB J 185. 1719.
[57] KAB J 185. 1723.
[58] KAB MOOC 8/5. Verw. 24.
[59] Madmappers: Kaart 3318BB en BD. GEO(WGS84) 33°45'01"S, 18°54'38.62"O. *Mapset: South Africa – AfricaTopo GPS topographic map series.* DVDs 1 en 2. Versprei deur Madmappers.
[60] Le Roux, J G En Le Roux, W G. *Ons Drakensteinse Erfgrond: Agter-Paarl.* Paarl: Drakenstein Heemkring, Paarl. (Versprei deur die Genealogiese Instituut van Suid-Afrika.) Bl.15 en 16.
[61] Madmappers: Kaart 3318BD. GEO(WGS84) 33°25'09.46" S, 18°49'51.98 "O. Daar is 'n Ongegund 674 en Ongegund 676 aangrensend aan mekaar. Die lesing is geneem op Ongegund 674.
[62] KAB RLR 1. Bl. [183].
[63] KAB RLR 1. Bl. [200].
[64] Le Roux, J G, Niemandt J J., Olivier, Mariana en Olivier, Ronel. 2004. *Bewaarders van ons Erfenis: Malmesbury.* (Versprei deur die Genealogiese Instituut van Suid-Afrika.) Bl. 67.
[65] Van Rensburg, A M. *Claas Jansz: van Rensburg*. www.oocities.org.athens.atlantis/4364/
[66] KAB 1/STB 18/41.
[67] RLR 1. Bl. [324].
[68] Böeseken, Anna en Cairns, Margaret. 1989. *The Secluded Valley: Tulbagh: 't Land van Waveren: 1700 – 1804*. Kaapstad en Johannesburg: Perskor. ISBN 0 62803 346 X. Bl. 80 en 81.
[69] Madmappers: Kaart 3319AC. GEO(WGS84) 33°24'09.79" S, 19°08'49.94" O.
[70] KAB C1088. Verw. 31.
[71] KAB C1088. Verw. 31.
[72] TANAP Project of the Nationaal Archief and Sentrum vir Besigheids- en Taaldiens. 2008. *Resolutions of the Council of Policy of the Cape of Good Hope between 1651 and 1795.* CD. C. 66, pp. 2-11 :20 April 1723.
[73] Böeseken, Anna en Cairns, Margaret. 1989. *The Secluded Valley: Tulbagh: 't Land van Waveren: 1700 – 1804.* Bl. 80 en 81.
[74] KAB RLR 1. Bl. [324] en [345].
[75] KAB RLR 2. Bl. [12].
[76] KAB RLR RLR 2. Bl. [43].

[77] KAB RLR RLR 2. Bl. [52].
[78] KAB RLR RLR 2. Bl. [87].
[79] eGGSA. *South Africa's Stamouers*. http://www.stamouers.com/index.php/stamouers/surnames-v-z/553-van-rensburg-claas-jansz
[80] KAB RLR 5. Bl. [151].
[81] Madmappers: Kaart 3318DB. GEO(WGS84) 33°47'31.90" S, 19°58'40.03" O.
[82] KAB RLR 8/1. Verw. 162 op Bl. [55].
[83] KAB 8/2. Verw. 323 op Bl. [269].
[84] Koeman, Ir. C. *Landgiften uit de eerste helf van de XVIIe eeuw op een manuscriptkaart uit het archief der V.O.C.* 1955. Gepubliseer in: Kieser, A. Redakteur. *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis: Agtiende Jaargang, Deel I (1955).* Elsiesrivier: Nasionale Handelsdrukkery vir Staatsdrukker.
[85] Madmappers: Kaart 3319DD. 33°35'01.00" S, 18°56'28.99" O.
[86] KAB RLR 5. Bl. [208].
[87] Le Roux, J. G., Niemandt J.J. en Olivier, Mariana. 2002. *Bewaarders van ons Erfenis: Swellendam.* (Versprei deur die Genealogiese Instituut van Suid-Afrika.) Bl. 85.
[88] KAB RLR 8/2. Bladsy[261].
[89] TAB FK 2174.
[90] TAB FK 2194.
[91] KAB 1-989.
[92] KAB 1STB 19. Verw. 130.
[93] Van Rensburg, A. M. *Claas Jansz: van Rensburg*. www.oocities.org.athens.atlantis/4364/
[94] Van Rensburg, A. M. *Claas Jansz: van Rensburg*. www.oocities.org.athens.atlantis/4364/
[95] KAB 1/STB 13/1. Bl. 100.
[96] TANAP Project of the Nationaal Archief and Sentrum vir Besigheids- en Taaldiens. 2008. *Resolutions of the Council of Policy of the Cape of Good Hope between 1651 and 1795.*
[97] KAB MOOC 7/1/4. Verw. 52.
[98] KAB C1090. Ble. 79 – 82.
[99] KAB MOOC 8/4. Verw. 48.
[100] KAB MOOC 8/4. Verw. 56.
[101] KAB MOOC 8/4. Verw. 120.
[102] KAB MOOC 8/5. Verw. 48.
[103] Van Rensburg, A. M. *Claas Jansz: van Rensburg*. www.oocities.org.athens.atlantis/4364/
[104] KAB MOOC 10/1. Verw. 1.
[105] KAB MOOC 10/2. Verw. 26.
[106] KAB MOOC 10/3. Verw. 65.
[107] KAB MOOC 7/1/4. Verw. 52.
[108] KAB RLR 8/1. Verw. 162 op Bl. [55].
[109] KAB RLR 5. Bl. [151].
[110] KAB RLR 5. Bl. [208].
[111] Van Rensburg, A. M. *Claas Jansz: van Rensburg*. www.oocities.org.athens.atlantis/4364/
[112] KAB MOOC 8/5. Verw. 24.
[113] KAB MOOC 10/3. Verw. 83.
[114] KAB MOOC 13/1/2. Verw. 56.
[115] Van Rensburg, J H. 1994. *Die Rietvleiers. Die Familiegeskiedenis van 'n Tak van die Familie van Rensburg*. Bl. 21.